
# 10. Sterk Simson word swak en weer sterk

Rigterstyd 3



**Doelwit**: Dat die juniors sal hoor dat Simson as rigter die Israeliete van die Filistyne gered het, al was hy met Delila ongehoorsaam aan die Here.

**Bybelgedeelte**: Rigters 13:1-5; 16:4-31

**Kerngedagte**: Die Here wil hê ek moet aan Hom gehoorsaam wees.

**Kernvers**: Psalm 40:9 'Wat U behaag, my God, wil ek graag doen ...'





## Voorbereiding

**Voorbereiding en hulpmiddels vir Grootgroepbediening (GGB)**

- Berei die GGB as 'n geheel voor.
- Groot plakkate/ baniere/ PowerPoint-skyfies met die woorde: 'Welkom Juniors!' en 'My belangrike Bybelstories'
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met die kerngedagte en –vers vir vandag

Plakkaat- en karakter-aanbieding:

- Groot kaart van die Uittog uit Egipte en die Intog in Kanaän (Vgl Ontmoeting 8)
- Prent van Simson wat 'n brullende leeu verskeur
- Prent van Simson op Delila se skoot
- Prent van Simson wat twee pilare inmekaartrek
- 2 Persone wat soos Simson (met pruik met lang hare) en Delila aangetrek is
- 'n Rusbank
- 2 of 3 Persone wat soos Filistyne aangetrek is
- Dun riempies of lyn wat boogsnare voorstel (en wat maklik kan breek)
- Dik toue (wat op plekke amper deurgesny is en dus maklik kan breek)
- Iets wat 'n weefstoel kan voorstel (bv 'n stoel?)
- Groot mes om Simson se hare mee af te sny
- Dik ketting

PowerPoint-aanbieding (Alternatief vir plakkaat-aanbieding):

- Elke karakter en gebeure kan net bygevoeg word soos die vertelling vorder.
- Prente kan op Google Images of Pinterest gekry word.

**Voorbereiding en hulpmiddels vir Kleingroepbediening (KGB)**

- Berei die KGB as 'n geheel voor. Voorsien inkleurkryte.
- Die KGL fasiliteer die Pretaktiwiteit.




## Ontvangs

**Ontvangs en speletjies**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Opruimtyd**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.



## Grootgroepbediening (GGB)

**Gebed**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Verwelkoming en gelukwensings**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Sang**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Lees**

Daar kan selektief uit Rigters 13:1-5 en 16:4-31 gelees word.

**Boodskap**

### Agtergrondinligting

Vir die GGL: Plaas 'n rusbank vooraf in die lokaal.

Vir die kind: Verduidelik die volgende woorde/ frases: Behaag: Om iets te doen wat iemand gelukkig maak. Boogsnare: Dun en lang stukkies taai vleis wat kan rek sonder om te breek. Amper iets soos riempies. 'n Weefstoel: 'n Masjien waarin lang stukke wol heen en weer deur die masjien gesit word om lappe mee te maak. 'n (Af)god: Vgl by Ontmoeting 8.

### Inleiding

Maats, ons het nou al gehoor dat die Here elke keer 'n rigter gebruik het om die Israeliete van die mense van Kanaän, tussen wie hulle gebly het, te red. (Wys na Kanaän op groot kaart.) Verlede keer het ons gehoor hoe Gideon dit as rigter gedoen het. Vandag gaan ons hoor hoe Simson dit as rigter gedoen het, *maar sal hy aan die Here gehoorsaam wees?*

### Spanningslyn

Nog voordat Simson gebore is, het die Here vir Simson se ma twee dinge gesê. Simson sal eendag die Israeliete van die Filistyne red. Die Filistyne was van die mense wat in Kanaän gebly het. En Simson se hare mag nooit afgeskeer word nie. In daardie tyd het lang hare gewys *dat iemand aan die Here gehoorsaam moet wees.* So, Simson sal 'n rigter wees wat die Israeliete van die Filistyne sal red, maar sy hare mag nie afgeskeer word nie. Dit sal wys *dat Hy aan die Here gehoorsaam is.*



Toe Simson nog 'n jong man was, was hy al baie sterk. Hy het eenkeer 'n brullende leeu, wat op hom afgestorm het, se bek sommer net so met net sy hande oopgeskeur! (Laat kinders brul en wys prent van Simson wat brullende leeu verskeur.) Simson het toe al gewys hy is iemand wat die Israeliete van die Filistyne kan red! En hy hét daarna 'n hele paar keer die Israeliete van die Filistyne gered. *Maar sal hy aan die Here gehoorsaam bly* om nie sy hare te laat afskeer nie?

Sterk Simson raak toe verlief op 'n vrou met die naam Delila. Maar sy was nie regtig lief vir hom nie. Sy het net gemaak of sy lief is vir hom. En weet julle wat nog? Simson moes die Israeliete van die Filistyne red, maar Delila was 'n Filistyn! Gaan sy vir Simson help om die Filistyne te wen of gaan sy op Simson by die Filistyne klik dat hulle hom kan wen?

Sy kies toe om op Simson by die Filistyne te klik dat hulle hom kan wen. Die Filistyne se leiers vra toe vir Delila om uit te vind hoekom Simson so sterk is en waarmee hulle hom kan vasmaak om hom te wen. Maats, Simson moet net nie vir haar sê om sy hare af te skeer nie, want *dan gaan hy aan die Here ongehoorsaam wees*. Dan gaan die Here miskien sterk Simson se krag wegvat en kan die Filistyne hóm wen! (Simson en Delila kom sit nou liefies op die bank.)

(Delila baie liefies): 'Si-i-imso-o-n, o, jy is so sterk! Ag, vertel my tog hoekom jy so sterk is? Waarmee kan 'n mens jou vasbind sodat mense jou kan wen?' (Simson): 'Ag, dis maklik. Bind my sommer net met sewe boogsnare vas wat nog nie uitgedroog is nie, dan sal mense my kan wen.' Delila het sewe boogsnare gekry en hom daarmee styf vasgebind. (Laat Delila riempies/ lyne om Simson se hande vasbind.) Van die Filistyne het in haar kamer weggekruip. (Laat Filistyne inkom.) Delila skree toe: 'Simson, die Filistyne is op jou!' Maar Simson het die boogsnare sommer maklik gebreek. (Laat Simson die boogsnare breek.) Sy geheim hoekom hy so sterk is, was nog veilig! Die Filistyne kon hom nie wen nie. *En Simson het gehoorsaam aan die Here gebly.* (Laat Filistyne uitgaan.)

(Delila vies): 'Sies Simson, jy het vir my gejok. Ek vra jou nou vir 'n tweede keer: Waarmee kan 'n mens jou vasbind sodat mense jou kan wen?' (Simson): Gebruik nuwe toue wat nog nooit gebruik is nie.' Delila het hom hierdie keer met die toue vasgebind. (Laat Delila dik toue om Simson se hande vasbind.) Daar het weer van die Filistyne in haar kamer weggekruip. (Laat Filistyne inkom.) Delila skree toe weer: 'Simson, die Filistyne is op jou!' Maar Simson het die toue ook maklik gebreek. (Laat Simson die dik toue breek.) Gelukkig was Simson se geheim nog veilig! Die Filistyne kon hom weer nie wen nie. *Simson het weer gehoorsaam aan die Here gebly.* (Laat Filistyne uitgaan.)

Delila was nou sommer baie kwaad vir Simson. (Delila kwaai): 'Agge nee, Simson, hoeveel keer gaan jy nog vir my jok? Vertel my tog net waarmee kan jy vasgemaak word sodat mense jou kan wen?' (Simson): 'Jy moet net my lang hare saam met die lap in die weefstoel vasmaak.' Toe Simson gaan slaap het, het sy gemaak net soos Simson gesê het. (Laat Delila Simson se hare aan die weefstoel/ stoel vasbind.) Daar het weer Filistyne in haar kamer weggekruip. (Laat Filistyne inkom.) Delila roep toe: 'Simson, die Filistyne is op jou!' Simson ruk toe sy hare uit die weefstoel uit! (Laat weefstoel/ stoel omval.) Simson se geheim was nog veilig! Die Filistyne kon hom nog steeds nie wen nie. *Simson het weer gehoorsaam aan die Here gebly.* (Laat Filistyne uitgaan.)



(Delila neulend): 'Simson, hoekom het jy nou al drie keer vir my gejok? Jy is seker nie meer lief vir my nie. Waarmee kan 'n mens jou vasmaak sodat mense jou kan wen?' So het Delila vir 'n paar dae om Simson se ore gekerm, oor en oor dieselfde ding, nes 'n kind wat aanhou kerm as hy iets wil hê. Na 'n paar dae kon Simson dit nie meer hou nie. (Simson): 'Delila, luister nou mooi. As my hare afgeskeer word, sal ek nie meer sterk wees nie. Ek het nog nooit my hare laat afskeer nie, want d*it het gewys dat ek aan die Here gehoorsaam is*.' Delila het geweet dat Simson hierdie keer die waarheid gepraat het. Delila het gemaak of sy vir Simson liefhet en vir Simson met sy kop op haar skoot aan die slaap gemaak. (Wys prent waar Simson op Delila se skoot lê.) Een van die Filistyne het ingekom en Simson se lang hare afgesny. (Laat Filistyne inkom met een wat Simson se hare met die groot mes afsny.) Simson het nie eers wakker geword nie! Delila roep toe: 'Simson, die Filistyne is op jou!' Simson het wakker geskrik en gedink hy sal soos al die ander kere nog net so sterk wees. Maar die Here het toe gemaak dat Simson al sy krag verloor, want *Simson was ongehoorsaam aan die Here* om vir Delila te vertel om sy lang hare te laat afskeer. (Laat Filistyne die volgende aksies uitvoer.) Die Filistyne het toe vir Simson gevang, sy oë uitgesteek, met 'n dik ketting vasgemaak en na hulle hoofdorp toe gevat waar hulle hom in die tronk gegooi het. (Karakters gaan almal af.) Maar Simson se hare het weer in die tronk begin groei. *Dit het gewys dat hy weer aan die Here gehoorsaam is.*

Die leiers van die Filistyne het gedink dat hulle god hulle gehelp het om vir Simson te wen. Hulle het toe 'n groot partytjie by die tempel gehou om vir hulle god dankie te sê. In die tempel en op die tempel se dak was daar sommer baie, baie Filistyne. Toe hulle al baie dronk was, het hulle vir Simson laat haal. Hulle wou met hom spot. Hulle het hom toe tussen twee pilare laat staan wat die tempel se dak opgehou het. Simson het na die Here geroep en Hom gevra om hom nog net een keer sterk te maak om die Filistyne te wen. Simson het gesê dat hy bereid is om ook dood te gaan.

**Klimaks**



Omdat Simson nie meer oë gehad het nie, vra hy toe vir 'n Filistyn dat hy die twee pilare wil voel. Simson sit toe sy arms om die twee pilare. Toe trek hy die pilare. Die tempel het inmekaargeval: op Simson, maar ook op die baie Filistyne in die tempel en op die tempel se dak. (Wys prent van Simson wat twee pilare inmekaartrek.) Simson het met sy dood meer Filistyne doodgemaak as toe hy nog gelewe het. Só het die Here vir Simson weer 'n kans gegee nadat sy hare weer gegroei het. Sy hare, wat weer gegroei het, het mos gewys *dat hy weer aan die Here gehoorsaam is.*

**Afsluiting**

Terwyl die Israeliete nog nie 'n koning gehad het nie, het hulle aangehou om met die mense van Kanaän oorlog te maak.

**Finale toepassing**

*Die Here het vir Simson gehelp wanneer hy aan Hom gehoorsaam was.* In daardie tyd het hy dit gewys deur nie sy hare te laat afskeer nie. Ons hoef nie vandag lang hare te hê *om te wys ons is aan die Here gehoorsaam nie. Maar die Here help sy kinders as hulle aan Hom gehoorsaam is. Hoe, dink julle, kan ons vandag wys dat ons aan die Here gehoorsaam is?*

Die kinders gesels nou verder in hulle kleingroepe.



## Kleingroepbediening (KGB)

**Lewensdeling**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Terugvoering van vorige Ontmoeting**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Pretaktiwiteit**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Tuisaktiwiteit**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Gebed**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.



## Verversings

Dieselfde as by Ontmoeting 3.